

**16.7 RAPPORT 1 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – ALGEMEEN
(Artt 118, 178)**

**16.7 REPORT 1 – DEPUTIES ECUMENICITY INTERNATIONAL – GENERAL
(Arts 118, 178)**

- A. Ds ASA de Bruyn stel die Rapport.
Rev. ASA de Bruyn tables the Report.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.
- C. **Besluit:** Punt 5.3 word verwys na die Finansiële Kommissie.
Decision: Point 5.3 is referred to the Financial Commission.
- D. Ds DG Zwemtra rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Rev. DG Zwemstra reports on behalf of the Financial Commission.

E. RAPPORT / REPORT

<p>1. Algemeen administratief <i>Vir kennisname</i></p> <p>1.1 Die Deputate het op verskillende lessenaars gefunksioneer om sodoende die werk te verdeel. Die Deputate lewer namens elke lessenaar 'n Rapport in en die name van die betrokke Deputate wat by elke lessenaar betrokke was, word by die onderskeie Rapporte vermeld.</p> <p>1.2 Die benoemde adviseurs is ten volle betrek in die werksaamhede van die Deputate. Hulle verdien dank vir die uitnemende werk wat hulle gedoen het, asook vir die feit dat sommige van die professore hierdie verpligtinge dikwels ook kon laat saamval met ander opdragte.</p> <p>1.3 Al die dokumente wat hierdie Rapport vergesel is vir insae beskikbaar en word vir bewaring in die argief geplaas.</p> <p>Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.</p> <p>2. Algemene opdragte</p> <p>2.1 <i>Opdrag</i></p> <p>2.1.1 Ekumeniese kontak wat tot die erkenning van ekumeniese bande en eenheid kan lei, word gemaak met kerke wat met die GKSA een is in leer, diens en tug (KO, art 85).</p> <p>2.1.2 Die praktiese betekenis van ekumenisiteit word vergestalt in sake soos: attestasie en beroeping; uitnodiging na mekaar se Sinodes; insette in mekaar se besluitneming.</p> <p>2.1.3 Die betekenis van ekumenisiteit word met betrekking tot spesifieke sake in byvoorbeeld <i>Die Kerkblad</i> en by</p>	<p>1. Administrative <i>To be noted</i></p> <p>1.1 The Deputies distributed the work to different desks. The Deputies report on behalf of each desk, indicating the Deputies responsible for each desk for the different Reports.</p> <p>1.2 The appointed advisors were full involved in the work of the deputies and deserve great appreciation for their outstanding work. Some professors could also combine these duties with their other work.</p> <p>1.3 All the attachments to this Report are available for comment and will be stored in the Archive.</p> <p>Decision: Points 1.1 to 1.3 noted.</p> <p>2. General Mandate</p> <p>2.1 <i>Mandate</i></p> <p>2.1.1 Ecumenical contact is to be made with churches that ascribe to the same doctrine, ministry and discipline (CO, art 85) as the GKSA that could lead to establishing ecumenical ties and unity.</p> <p>2.1.2 The practical meaning of ecumenicity as reflected in actions such as attestation, calling, invitation to each other's Synods; consultation on decisions is to be defined.</p> <p>2.1.3 The concept of ecumenicity is to be elucidated by means of specific issues in <i>Die Kerkblad</i> and in short memos to</p>
--	---

	wyse van kort inligtingstukke aan Kerkrade, bekend gemaak.	Church Councils.
2.1.4	Die Deputate kry opdrag om wat die GKSA onder ekumeniese eenheid (kerklike korrespondensie) verstaan, te formuleer en daaroor ooreenstemming te bereik met Deputate van die kerkgemeenskappe met wie die GKSA in korrespondensie is.	2.1.4 The GKSA's understanding of ecumenical unity (church correspondence) is to be communicated to church communities that correlate with the GKSA and consensus reached on the definitions of concepts as far as possible.
2.1.5	Die Deputate kry opdrag om die tersaaklike besluite van Sinode 2018 met die kerkgemeenskappe met wie die GKSA in korrespondensie is te kommunikeer.	2.1.5 Relevant Synod 2018 decisions are to be conveyed to the church communities with which the GKSA has ties and unity.
2.1.6	Dat predikante wat vanuit die GKSA in die buiteland in die bediening staan, waar moontlik, tydens besoeke aan die buiteland besoek moet word.	2.1.6 Ministers of the GKSA who lead international ministries are to be visited when travelling abroad.
2.1.7	Een van die Deputate van Ekumenisiteit: Buitelands word ter wille van noodsaaklike skakeling benoem by Ekumenisiteit: Binnelands.	2.1.7 One of the Deputies: Ecumenicity (international) is to be appointed to the Deputies: Ecumenicity (national) for the sake of the necessary contact.
2.1.8	Alle lessenaars gee aandag aan die saak van Suid-Afrikaners wat in die buiteland woon.	2.1.8 All desks are to attend to the matter of South Africans residing abroad.
2.1.9	Dat die buitelandse gaste vanaf 2023 vir twee dae voor die Sinode ontvang word vir onderlinge gesprekke en verhoudingsbou. Die afgevaardigdes kry tydens die eerste twee dae van die Sinode geleentheid om groetboodskappe oor te dra en afgevaardigdes kan dan self besluit of hulle die res van die Sinode wil bywoon.	2.1.9 As of 2023, international guests are to be received two days prior to the Synod for discussions and relationship building. The delegates will receive the opportunity during the first two days of the Synod to convey greetings and may then decide whether to attend the rest of the Synod.
2.1.10	Dat daar weens die hoë koste afgestap word van die praktyk om die NWU se riglyn vir daggelde te gebruik om daggeld vir oorsese reise te bepaal en dat die bedrag van \$60 per dag as riglyn vir die volgende drie jaar gebruik word. Werklike kostes wat die bedrag oorskry, kan met die nodige bewyse teruggeëis word.	2.1.10 Due to high costs, the NWU guideline for day rates will no longer be followed to determine the day rates for travel abroad and the amount of \$60 per day will be the set rate for the next three years. Actual expenses exceeding this amount can be claimed with the relevant receipts.
2.1.11	Dat die frekwensie van besoeke verleng word sodat kerke met wie die GKSA ekumeniese eenheid het in 'n siklus van vier jaar besoek word en kerke met wie die GKSA ekumeniese bande het, slegs indien dit volgens die diskresie van die Deputate noodsaaklik is.	2.1.11 The frequency of visits are to be extended so that churches with which the GKSA shares ecumenical unity will be visited within a four-year cycle and churches with which the GKSA has ecumenical ties only when deemed necessary by the Deputies.

<p>2.1.12 Dat die Deputate diskresie gebruik om verdere kontak, bande en eenheid te soek met kerke waar die bande sinvol beleef kan word in die lig van bereikbaarheid, taal en finansies.</p> <p>2.1.13 Dat in ag geneem word dat bande met kerke in Afrika beter gebou kan word deur voortgesette betrokkenheid by Ekumeniese liggame waarby kerke in Afrika ook betrokke is.</p> <p>2.1.14 Dat, as gevolg van hoë kostes, daar voortaan as 'n reël net een Deputaat na Sinodes van ander kerke gestuur word – tensy die Deputate oordeel dat dit noodsaaklik as om meer as een te stuur.</p>	<p>2.1.12 Deputies are to seek further contact, ties and unity only where the Deputies deem such ties feasible in terms of accessibility, language and finances.</p> <p>2.1.13 It is to be taken into account that ties with churches in Africa are better served by continued participation in ecumenical bodies of which such churches are members.</p> <p>2.1.14 Due to high costs, only one deputy is to be sent to the synods of other churches – unless the deputies deem it necessary that more than one delegate needs to attend.</p>
<p>Besluit: Punte 2.1 tot 2.1.14 kennis geneem. <u>Sake waarvan die Sinode kennis neem</u></p> <p>2.2 <i>Uitvoering van opdrag</i></p> <p>2.2.1 Aan al die sake is voortdurend aandag gegee tydens ekumeniese gesprekke en skakeling. Dit blyk dat daar steeds onduidelikheid bestaan oor die interpretasies van verskillende kerke oor wat ekumeniese eenheid in die praktyk beteken.</p> <p>2.2.2 As gevolg van die Covid-19-pandemie met die gepaardgaande reisbeperkings, kon baie besoeke nie deur die Deputate gedoen word nie.</p> <p>2.2.3 Daar het berigte aangaande die werk van die Deputate in <i>Die Kerkblad</i> verskyn.</p>	<p>Decision: Points 2.1 to 2.1.14 noted. <u>Matters that the Synod takes note of</u></p> <p>2.2 <i>Fulfilment of task</i></p> <p>2.2.1 All these matters receive continued attention during ecumenical meetings and contact. It seems that there is still a lack of clarity over the interpretation of the practical implications of ecumenical unity among different churches.</p> <p>2.2.2 The Covid-19 pandemic, with the associated travel restrictions, curtailed visitation by the Deputies.</p> <p>2.2.3 Reports on the work of the Deputies were published in <i>Die Kerkblad</i>.</p>
<p>Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.3 kennis geneem. <u>Sake waaroor die Sinode besluit</u></p> <p>2.3 <i>Aanbevelings: (Opdragte aan te benoeme Deputate)</i></p> <p>2.3.1 Ekumeniese kontak wat tot die erkenning van ekumeniese bande en eenheid kan lei, word gemaak met kerke wat met die GKSA een is in leer, diens en tug (KO, art 85).</p> <p>2.3.2 Die praktiese betekenis van ekumenisiteit word vergestalt in sake soos: attestasie en beroeping; uitnodiging na mekaar se Sinodes; insette in mekaar se besluitneming.</p> <p>2.3.3 Die betekenis van ekumenisiteit word met betrekking tot spesifieke sake in byvoorbeeld <i>Die Kerkblad</i> en by</p>	<p>Decision: Points 2.2.2 to 2.2.3 noted. <u>Matters that the Synod decides on</u></p> <p>2.3 <i>Recommendations: (Mandate to the to be appointed Deputies)</i></p> <p>2.3.1 Ecumenical contact that could lead to the confirmation of ecumenical ties and unity are to be established with churches similar in doctrine, service and discipline as the GKSA (CO, art 85).</p> <p>2.3.2 The practical nature of ecumenicity is to be demonstrated in aspects such as: attestation and calling; invitation to each other's Synods; input in decisions.</p> <p>2.3.3 The nature of ecumenicity in relation to specific matters is to be explained in, for example, <i>Die Kerkblad</i> and by</p>

<p>wyse van kort inligtingstukke aan Kerkrade, bekend gemaak.</p>	<p>means of brief notifications to Church Councils.</p>
<p>2.3.4 Die Deputate kry opdrag om wat die GKSA onder ekumeniese eenheid (kerklike korrespondensie) verstaan, te formuleer en daaroor ooreenstemming te bereik met Deputate van die kerkgemeenskappe met wie die GKSA in korrespondensie is.</p>	<p>2.3.4 The Deputies are to formulate and agree on a definition of ecumenical unity (church correspondence) with deputies from church communities with which the GKSA is in correspondence.</p>
<p>2.3.5 Die Deputate kry opdrag om die tersaaklike besluite van Sinode 2023 met die kerkgemeenskappe met wie die GKSA in korrespondensie is te kommunikeer.</p>	<p>2.3.5 The Deputies are to communicate relevant decisions of Synod 2023 to the church communities with which GKSA is in correspondence.</p>
<p>2.3.6 Dat predikante wat vanuit die GKSA in die buiteland in die bediening staan, waar moontlik, tydens besoeke aan die buiteland besoek moet word.</p>	<p>2.3.6 Ministers of the GKSA ministering abroad must be visited, when possible.</p>
<p>2.3.7 Een van die Deputate van Ekumenisiteit: Buitelands word ter wille van noodsaaklike skakeling benoem by Ekumenisiteit: Binnelands.</p>	<p>2.3.7 One of the Deputies: Ecumenicity International is to be appointed to Ecumenicity: National for necessary contact. GKSA Deputies must visit ministers of the GKSA ministering abroad, when possible.</p>
<p>2.3.8 Alle lessenaars gee aandag aan die saak van Suid-Afrikaners wat in die buiteland woon.</p>	<p>2.3.8 All the desks are to attend to the matter of South Africans living abroad.</p>
<p>2.3.9 Dat die buitelandse gaste vir twee dae voor die Sinode ontvang word vir onderlinge gesprekke en verhoudingsbou. Die afgevaardigdes kry tydens die eerste twee dae van die Sinode geleentheid om groetboodskappe oor te dra en afgevaardigdes kan dan self besluit of hulle die res van die Sinode wil bywoon.</p>	<p>2.3.9 Foreign guests are to be engaged in discussions and relationship building two days prior to a Synod. These delegates are to receive the opportunity to convey greetings there and then decide whether to attend the rest of the Synod.</p>
<p>2.3.10 Dat daar weens die hoë koste afgestap word van die praktyk om die NWU se riglyn vir daggelde te gebruik om daggeld vir oorsese reise te bepaal en dat die bedrag van \$60 per dag as riglyn vir die volgende drie jaar gebruik word. Werklike kostes wat die bedrag oorskry, kan met die nodige bewyse teruggeëis word.</p>	<p>2.3.10 Due to high costs, the NWU guideline for daily rates will no longer serve to determine the day rates for travel abroad and the amount of \$60 per day must be the set rate for the next three years. Actual expenses exceeding this amount can be claimed with the relevant receipts.</p>
<p>2.3.11 Dat die frekwensie van besoeke verleng word sodat kerke met wie die GKSA ekumeniese eenheid het in 'n siklus van vier jaar besoek word en kerke met wie die GKSA ekumeniese bande het, slegs indien dit volgens die diskresie van die Deputate</p>	<p>2.3.11 The frequency of visits are to be extended so that churches with which the GKSA shares ecumenical unity will be visited within a four-year cycle and churches with which the GKSA has ecumenical ties only when deemed necessary by the Deputies.</p>

<p>noodsaaklik is.</p> <p>2.3.12 Dat die Deputate diskresie gebruik om verdere kontak, bande en eenheid te soek met kerke waar die bande sinvol beleef kan word in die lig van bereikbaarheid, taal en finansies.</p> <p>2.3.13 Dat in ag geneem word dat bande met kerke in Afrika beter gebou kan word deur voortgesette betrokkenheid by Ekumeniese liggame waarby kerke in Afrika ook betrokke is. Van die Afrika lessenaars stel voor dat ekumeniese bande met van die kerke slegs by Ekumeniese liggame gebou word, waarby daardie kerke ook betrokke is.</p> <p>Dat, as gevolg van hoë kostes, daar voortaan as 'n reël net een Deputaat na Sinodes van ander kerke gestuur word – tensy die deputate oordeel dat dit noodsaaklik as om meer as een te stuur.</p> <p>Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.13 goedgekeur.</p> <p>3. Besluite van vorige Sinodes wat bepalend is vir die opdragte aan die Deputate</p> <p><i>Sake waarvan die Sinode kennis neem</i></p> <p>3.1 Deputate Ekumenisiteit: Buitelands kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art 49 (Acta, 1997:176, 3.1.1).</p> <p>3.2 Die uiteindelijke eenheid van Gereformeerde Kerke moet "as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping" gesien word (Acta, 1970:69).</p> <p>3.3 Die doel van die ekumeniese gesprek is die uitdra van die universele evangelie waardeur alle kerke tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en so tot een kerklike gemeenskap op grond van ooreenstemming van die leer opgeroep word (Acta, 1994:195, 2.2.1.1; vgl. 1967:366).</p> <p>3.4 Daar moet onderskei word tussen die roeping tot beleving van eenheid (kerke wat een in leer, diens en tug is)</p>	<p>2.3.12 Deputies are to seek further contact, ties and unity only where the Deputies deem such ties feasible in terms of accessibility, language and finances.</p> <p>2.3.13 It is to be taken into account that ties with churches in Africa are better served by continued participation in ecumenical bodies of which such churches are members.</p> <p>Due to high costs, only one Deputy is to be sent to the Synods of other churches – unless the Deputies deem it necessary that more than one delegate attend.</p> <p>Decision: Points 2.3.1 to 2.3.13 approved.</p> <p>3. Resolutions by previous Synods pertaining to the work of the Deputies</p> <p><i>Matters that the Synod takes note of</i></p> <p>3.1 Deputies: Ecumenicity International are instructed to continually make contact with Reformed church communities abroad in regard to matters of urgent and common interest, as per CO, art 49 (Acta, 1997:176, 3.1.1).</p> <p>3.2 The eventual unity of all Reformed churches must be seen as <i>our most important and urgent ecumenical calling</i> (Acta, 1970:69).</p> <p>3.3 The aim of ecumenical engagement is the spreading of the universal gospel in which all churches are called to obedience of God's Word and as such to one church community in correspondence to doctrine (Acta, 1994:195, 2.2.1.1; cf. 1967:366).</p> <p>3.4 A distinction needs to be made between the calling to unity (churches that are one in doctrine, service and discipline),</p>
---	---

<p>wat begrens is, en die roeping tot ekumenisiteit wat onbegrens is en wat tot alle kerke uitgaan en oproep tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en tot die onderlinge gemeenskap van gelowiges (Acta, 1967:366).</p> <p>3.5 Met die eenheid van die kerk word nie eendersheid van plaaslike kerke bedoel nie. Daar sal noodwendig uiterlike verskille, bv. in liturgie en bedieningsmetodes tussen plaaslike kerke in verskillende wêrelddele voorkom (Acta, 1997:171,2.1.1.4).</p> <p>3.6 Die ekumeniese roeping is gerig op "herstel van die eenheid van die kerk" (Acta, 1967:365).</p> <p>3.7 In die uitlewing van die ekumeniese roeping gaan dit egter nie net om 'n gesprek oor hoe kerkgemeenskappe sigbaar een kan word nie, maar ook oor profetiese getuieis vir die waarheid teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar 'n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word (Acta, 1997:176, 3.2.1).</p> <p>Besluit: Punte 3.1 tot 3.7 kennis geneem.</p> <p>4. Brosjure vir bekendstelling van die GKSA</p> <p>4.1 <i>Opdrag</i> Dat die brosjure op datum gehou en waar die geleentheid hom voordoen versprei word.</p> <p>Besluit: Kennis geneem. <u>Sake waarvan die Sinode kennis neem</u></p> <p>4.2 <i>Uitvoering van opdrag</i> As gevolg van die beperkte reise gedurende hierdie termyn, is daar nie aandag aan die brosjure gegee nie.</p> <p>Besluit: Kennis geneem. <u>Sake waarvoor die Sinode besluit</u></p> <p>4.3 <i>Aanbeveling (Opdragte aan te benoeme Deputate)</i> Dat die brosjure op datum gehou word en waar die geleentheid hom voordoen versprei word.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>5. Finansies</p> <p>5.1 <i>Opdrag</i> Die Sinode het in 2018 soos volg vir die werksaamhede van die Deputate begroot:</p> <p>5.1.1 Een verpligte kollekte per jaar word deur die kerke afgestaan vir die</p>	<p>which is limited, and the calling to ecumenicity that is without boundaries and calls all churches to obedience to God's Word and to fellowship with believers (Acta, 1967:366).</p> <p>3.5 Unity of the church is not about the sameness of local churches. There will be differences in, for example, liturgy and ministry methods among local churches in different parts of the world (Acta, 1997:171, 2.1.1.4).</p> <p>3.6 Ecumenical calling is aimed at the <i>restoration of the unity of the church</i> (Acta, 1967:365).</p> <p>3.7 Fulfilling this ecumenical calling is however not only about talking about how church communities can visibly unite, but also about prophetic witnessing about the truth versus the lie as well as about working together towards a common goal (Acta, 1997:176, 3.2.1).</p> <p>Decision: Points 3.1 to 3.7 noted.</p> <p>4. Brochure on the GKSA</p> <p>4.1 <i>Mandate</i> The brochure must be updated regularly and distributed as the opportunity presents itself.</p> <p>Decision: Noted. <u>Matters that the Synod takes note of</u></p> <p>4.2 <i>Fulfilment of task</i> Due to limited travel during this term, no updates were made to the brochure.</p> <p>Decision: Noted. <u>Matters that the Synod decides on</u></p> <p>4.3 <i>Recommendation (Mandate to the to be appointed Deputies)</i> The brochure must be updated regularly and distributed as the opportunity presents itself.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>5. Finances</p> <p>5.1 <i>Mandate</i> Synod 2018 budgeted as follows for the work of the Deputies:</p> <p>5.1.1 Churches are to allocate one compulsory collection per year to the</p>
---	--

<p>uitvoering van die GKSA se ekumeniese opdrag.</p> <p>5.1.2 Die Deputate Ekumeniese sake (buitelands) begroot self uit hierdie fondse vir verpligtinge van alle reise en besoeke. (Dit is van toepassing op alle Rapporte van die Deputate en word nie weer daar vermeld nie)</p> <p>5.1.3 Reiskoste (binnelands), daggeld (binnelands) en ander noodsaaklike verpligtinge word uit die Admin Buro se fondse voorsien.</p> <p>5.1.4 Die Sinode maak voorsiening vir die kerke se gesamentlike verantwoordelikheid ten opsigte van die bediening in Londen deur een verpligte kollekte per jaar.</p> <p>5.1.5 Die Sinode maak weer uit die Admin Buro se fondse voorsiening vir die verpligte jaargelde ten opsigte van die ICRC</p> <p>5.1.6 Die Sinode maak uit die verpligte kollekte (5.1.1 hierbo) voorsiening vir die verpligte jaargeld van ongeveer \$1000 per jaar ten opsigte van die WRF.</p> <p>5.1.7 Die Sinode gee aan die Deputate die bevoegdheid om, indien daar voldoende fondse uit die kollektes beskikbaar is, dit vir afgevaardigdes van kerke finansieel te help moontlik maak om die Sinodes van die GKSA by te woon om sodoende ekumeniese bande te versterk.</p>	<p>fulfilment of the GKSA's ecumenical duties.</p> <p>5.1.2 The Deputies: Ecumenical Affairs (International) must draw up a budget for these funds for all travel and visitation. (This applies to all the Reports of the Deputies and is not mentioned again.)</p> <p>5.1.3 Travel expenses (national), day rates (national) and other necessary obligations come from the Admin Bureau's funds.</p> <p>5.1.4 The Synod provides for the churches communal responsibility to the London ministry by means of one compulsory collection per year.</p> <p>5.1.5 The Synod provides, from Admin Bureau funds, for the obligatory fees to the ICRC.</p> <p>5.1.6 The Synod provides by means of a compulsory collection (5.1.1 above) for the approximately \$1000 per annum fee to the WRF.</p> <p>5.1.7 The Synod authorises the Deputies to aid delegates financially to attend GKSA Synods, should funds be available from collections, to strengthen ecumenical ties.</p>
<p>Besluit: Punte 5.1 tot 5.1.7 kennis geneem.</p>	<p>Decision: Points 5.1 to 5.1.7 noted.</p>
<p><u>Sake waarvan die Sinode kennis neem</u></p>	<p><u>Matters that the Synod takes note of</u></p>
<p>5.2 <i>Uitvoering van opdrag</i></p> <p>Die finansiële aspekte is volgens begroting en in samewerking met die Admin Buro hanteer. Dank word uitgespreek vir die kerke wat deur middel van kollektes en ramings dit moontlik gemaak het om hierdie werk te doen. Daar word voorsien dat daar in die behoeftes van werksaamheide van die te benoeme Deputate op dieselfde wyse voorsien kan word.</p>	<p>5.2 <i>Fulfilment of task</i></p> <p>The financial aspects were administered in accordance to the budget and in collaboration with the Admin Bureau. Thanks goes out to the churches whose collections and "ramings" enabled the continuation of the work. It is anticipated that similar provision will be made for the work of the to be appointed Deputies.</p>
<p>Besluit: Kennis geneem.</p>	<p>Decision: Noted.</p>
<p><u>Sake waaroor die Sinode besluit</u></p>	<p><u>Matters that the Synod decides on</u></p>
<p>5.3 <i>Aanbevelings (Opdragte vir te benoeme Deputate)</i></p>	<p>5.3 <i>Recommendations (Mandate to the to be appointed Deputies)</i></p>
<p>5.3.1 Een verpligte kollekte per jaar word deur die kerke afgestaan vir die uitvoering van die GKSA se</p>	<p>5.3.1 Churches are to allocate one compulsory collection per year for the fulfilment of the GKSA's ecumenical</p>

<p>ekumeniese opdrag.</p> <p>5.3.2 Die Deputate Ekumeniese sake (buitelands) begroot self uit hierdie fondse vir verpligtinge van alle reise en besoeke. (Dit is van toepassing op alle rapporte van die Deputate en word nie weer daar vermeld nie)</p> <p>5.3.3 Reiskoste (binnelands), daggeld (binnelands) en ander noodsaaklike verpligtinge word uit die Admin Buro se fondse voorsien.</p> <p>Besluit: Punte 5.3.1 tot 5.3.3 goedgekeur.</p> <p>5.3.4 Die Sinode maak voorsiening vir die kerke se gesamentlike verantwoordelikheid ten opsigte van die bediening in Londen deur een vrywillige kollekte per jaar.</p> <p>Besluit: Neem kennis dat die vrywillige kollekte vir die bediening in Londen gestaak word.</p> <p>5.3.5 Die Sinode maak weer uit die Admin Buro se fondse voorsiening vir die verpligte jaargelde ten opsigte van die ICRC.</p> <p>5.3.6 Die Sinode maak uit die verpligte kollekte (5.1.1 hierbo) voorsiening vir die verpligte jaargeld van ongeveer \$1000 per jaar ten opsigte van die WRF.</p> <p>5.3.7 Die Sinode gee aan die Deputate die bevoegdheid om, indien daar voldoende fondse uit die kollektes beskikbaar is, dit vir afgevaardigdes van kerke finansiëel te help moontlik maak om die Sinodes van die GKSA by te woon om sodoende ekumeniese bande te versterk.</p> <p>Besluit: Punt 5.3 word verwys na die Finansiële Kommissie.</p> <p>Besluit: Punte 5.3.5 tot 5.3.7 goedgekeur.</p>	<p>duties.</p> <p>5.3.2 The Deputies: Ecumenical Affairs (International) must draw up a budget for these funds for all travel and visitation. (This applies to all the Reports of the Deputies and is not mentioned again.)</p> <p>5.3.3 Travel expenses (national), day rates (national) and other necessary obligations come from the Admin Bureau's funds.</p> <p>Decision: Points 5.3.1 to 5.3.3 approved.</p> <p>5.3.4 The Synod is to provide for the churches communal responsibility to the London ministry by means of one compulsory collection per year.</p> <p>Decision: Take note that the compulsory collection for the London ministry has been cancelled.</p> <p>5.3.5 The Synod is to provide, from Admin Bureau funds, for the obligatory fees to the ICRC.</p> <p>5.3.6 The Synod is to provide by means of a compulsory collection (5.1.1 above) for the approximately \$1000 yearly fee to the WRF.</p> <p>5.3.7 The Synod is to authorise the Deputies to aid delegates financially to attend GKSA Synods, should funds be available from collections, to strengthen ecumenical ties.</p> <p>Decision: Point 5.3 is referred to the Financial Commission.</p> <p>Decision: Points 5.3.5 to 5.3.7 approved.</p>
--	--